**Dinsdag 16 Augustus**

**Skrif- en Fokusgedeelte: Efesiërs 1:15-23**

## God stuur die Heilige Gees om die Vader só te openbaar dat ons Hom mag ken

Baie mense ken die feite van die Bybel en die geloof. Dit is egter waar dit helaas bly – by feite. Om die feite te kan opnoem, beteken nog lank nie dat daar ’n lewende band tussen jou en die Here is nie. Feite (en kennis) moet ons daartoe bring om God waarlik te kén. Ek kan iemand alleen ken wanneer ek met so ’n persoon saamleef en saamdoen – wanneer ons met mekaar gemeenskap hou.

Die apostel Paulus se versugting is dat die Vader die gelowiges in Efese des te meer met die Gees sal vervul, sodat hulle insig in sy verlossingsplan mag kry. Dit is in die gemeenskap met die Heilige Gees waar Hy aan ons die insig in God se verlossingsplan gee sodat ons Hom waarlik kan ken en tot sy eer kan lewe. Die Heilige Gees verlig die verstand om vérder as die feite te kan sien en ’n lewende hoop te mag koester en die ware rykdom te mag vind wat vir ons in ons kindskap van die Vader opgesluit lê. Meer nog: In ons gemeenskap met die Heilige Gees sien ons hoedat die Vader se verlossingsplan in Jesus Christus tot volle uitvoering kom.

In Christus het die Vader uitgekies (Ef. 1:4-6). Hy roep mense tot gemeenskap met Hom deur Christus. Dit was die eis van God se regverdigheid dat vir die sonde betaal moes word (Ef. 1:7). Daarom gee Hy sy Seun. Jesus het die volle prys betaal en daarom het die Vader Hom deur sy krag uit die dood opgewek en aan sy regterhand laat sit (Ef. 1:10, 20 ev.). Hy het deur sy krag Jesus as Hoof van die kerk aangestel. Christus het nie “gegryp” of “gekry” nie. Hy het in jou en my plek “verdien” deur sy lewe as losprys te gee. Aan die eis van God se geregtigheid is voldoen en daarom is Jesus in heerlikheid opgeneem. Genade is onbeskryflik groot, ja – maar dit is nie goedkoop nie, dit het ’n dure prys: die bloed van die Seun!

Wanneer jy in die heerlike gemeenskap met die Heilige Gees verder as die feite kan sien, en God die Vader kan ken soos wat Hy Homself geopenbaar het, dan (en dan alleen) kan jy jou deur sy krag wat in jou werk, ook aan die Koningsheerskappy van Jesus Christus onderwerp en tot eer van die Vader lewe – soos wat Hy dit in sy verlossingsplan bepaal het.

*Sing: Psalm 110-3:1*

*Ds. JC (Jannes) van Dyk (Ventersdorp)*